Afdeling 5

5. Teen makheid in

> From the side, alongside those who struggle for power, the intellectual can engage in struggle to reveal and undermine what is most invisible and insidious in prevailing practices (Diane Macdonell, 1986:99).

5.1 Terugskouing oor doelwitte

Die doel van hierdie studie was om subjekvorming deur literatuuronderrig te ondersoek. In die proses is ideologiekrities ondersoek hoe die literêre intellektueel professionele status bereik (afdelings 2 en 3). Dit is prakties in verband gebring met die rol wat doelstellings vir literatuuronderrig speel om die literatuurgraduanda te bemagtig om werk te kry (in afdeling 4).

Die studie wou die verhouding tussen literatuurstudent en literatuuronderrig verbeter deur die verhouding tussen die self en die samelewing (die drie ISA's) te ondersoek. Daarvoor is die rol van literatuuronderrig vir sowel die individu as die samelewing omskryf. Op grond daarvan is voorstelle gemaak om binne die ekonomiese en sosiopolitiese konteks van Suid-Afrika ná apartheid by te dra tot universiteitstransformasie en verbeterde literatuuronderrig.

Ek het in afdeling 3.3 bevind dat, hoewel literatuurgraduandi 'n werksgeleentheidkrisis ervaar, hulle wel beskik oor baie vaardighede wat gesog is in die arbeidsmark, veral as hulle diskursiewe vaardighede het en teoreties deeglik genoeg geskool is. Dit geld veral op die ruwe en nuwe terreine van ons tyd, soos ontwikkelingswerk en elektroniese media.

Ek het teoreties verantwoord dat dit literatuurdosente se etiese verantwoordelikheid is om oor die klowe van kurrikulêre en diskursiewe isolasie te reik met beroepsgerigte onderrig en die gepaardgaande bemagtiging van die student. Dit kan tweeledig gedoen word: met dialoog as klasmetode en met bemagtigende doelstellingsformulering.

Twee vaardighede wat aan die vakinhoud gekoppel kan word, dra direk by tot literatuurgraduandi se begeerlikheid op die arbeidsmark:

- teoretiese diepgang
- diskursiewe vaardigheid: om te lees en te skryf, om haarself in die hegemoniese diskoers uit te druk, om te kan wissel na enige ander diskoers, en om 'n subverterende diskoers te ontwikkel.

Om die literatuurgraduanda se nis op die arbeidsmark te ekspliseer, het ek literatuuronderrigdoelstellings geformuleer in praktiese en beroepsrelevante terme in die bygaande rekenaarprogram. Die program lys 'n stel doelstellings en bied 'n interaktiewe proses waarmee die literatuurdosent self doelstellings eie aan haar vakinhoud kan genereer. Dit laat ruimte vir vakinhoudelike sowel as beroepsrelevante vaardighede en doelstellings.

Die program is veral geskik vir 'n dosent om te gebruik saam met ander dosente, en dit inkorporeer die bydraes van professionele mense, veral joernaliste, webredakteurs en ontwikkelingswerkers, omdat ek gevind het dat dit by uitstek die drie velde is waar die literatuuronderrig tot haar reg kom in die beroepswêreld.

Die program kan uitgebrei word om die volgende rolspelers ook by die kurrikuleringsiklus te betrek in die vorm van elektroniese dinktenke:

- Studente
- Alumni
- Nie-regeringsorganisasies

Die program se argitektuur is juis van so aard dat multi-invoer van talle verskillende rolspelers digitaal moontlik is op 'n intranet en op die internet. (My dank aan Jopie Dullaart vir die robuuste programmering daarvan.)

Wanneer oor klowe heen gereik word om met ander rolspelers te begin praat oor literatuuronderrig en die beroepswêreld, is doelstellings 'n baie goeie wegspringpunt. So het ons gesien dat feministe daarna strewe om met allerhande andere te kommunikeer vanuit 'n posisionaliteit wat ook plek laat vir die ander se funksionele essensialisme.

Die program is gesteld daarop om vir die vakinhoud ook ruimte te laat by doelstellingformulering, omdat dit uit my samewerking met literatuurdosente duidelik was dat hulle gewortel is in hulle vakinhoud. Boonop reageer studente beter op subjekbemagtigende onderwys wat nie direk op die subjek fokus nie, maar op vakinhoud.
Voorstelle vir bemagtigende literatuuronderrig in postapartheid-Suid-Afrika word hieronder aangebied.

5.2 'n Beter wêreld

Met 'n ideologiekritiese werkswyse het die studie vertrek vanuit die akademiese kerngesin en daarvandaan gegaan na die breër konteks van subjekvorming in ISA's (afdeling 2 en 3).

Die volgende stap, afdeling 4, is deur Foucault (1984:98) se siening van die intellektueel se rol in die samelewing aangespoor: Die intellektueel moet verantwoordelikheid aanvaar om haar kommoditeitswaarde te verhoog, maar ook om die wêreld se siening van selwe, kommoditeite en waardes te verander. Die fokus en die onus het so terug na die akademie geskuif: enersyds om gelukkiger subjekvorming te reël, en andersyds om by te dra tot 'n beter wêreld. Daarom het afdeling 4 gefokus op twee stappe van kurrikulering vir bevryding: hoe om doelstellings te formuleer, en hoe om magsverhoudings te dekonstrueer met dialoog as onderrigmetode.

Dit is volgens Foucault (1984:99) nie die doel van so 'n studie om agter te kom watter diskursiewe sisteme ideologies suiwer is nie, of om seker te maak my eie werk ideologies is suiwer nie, maar om seker te maak dat die moontlikheid van nuwe politieke van waarheid ingedink kan word.

Dit is dan ook vir hom die rol wat die intellektueel in 'n transformerende samelewing kan speel: Met bemagtigende onderrig agter die blad kan literatuurgraduandi tussengangers wees in tyd waarin sowel samelewingstrukture as produksiemodusse transformeer. Castells (in Barney 1998) glo dat so 'n tussengangergroep nodig is om balans aan die lewe te gee, want daar is baie kragtige tegnologie in die hande van mense wat nie kultureel ontwikkel is nie.

Politici en regerings begryp nog nie dat die tyd waarin hulle die samelewing kon stuur, verby is nie. Die meeste van die wêreld se opgevoede klasse in die laat negentigerjare is tegnologies oorontwikkeld en sosiaal onderontwikkel, en die politici is die mees ouderwetse groep in ons samelewing (Castells aan Oosterbaan 1997). Postkoloniale literatuuronderrig bied weerstand teen eendersheid en teen verhale wat verskille probeer uitstryk. Dit is ook nodig om die literatuuronderrig se kritiese horisonne te verbreed sodat dit (onder andere) die globale konteks van tegnokratiese idees bevraagteken (Parker 1997:150).

Een van die gevolgtrekkings van die studie is dat diversiteit, verskil, differensiasie en dissent nodig is selfs en veral in ons bevryde Suid-Afrika. Hoewel die individu 'n narcistiese interpellasiemeganisme in die laat-kapitalistiese weste is, het hierdie studie probeer om minder selfbevredigend en meer bevraagtekenend te werk te gaan met 'n subjekstudie, deur te ondersoek hoe die drie ISA's se onderskeie woelinge en herorganisasies neerslag kan vind in 'n responsiewe literatuuronderrig.

'n Studie soos hierdie kan niks verander nie, maar kan wel bydra tot die kans dat ons verandering kan indink in die universiteit as instituut met sy eie politiese ekonomie van waarheidproduksie, en ook in die wisselwerking van daardie instituut met die regering en die arbeidsmark.

Dit is dus die intellektueel se rol om altyd te veg vir die vryheid wat 'n konstante produksie van nuwe waarhede moontlik maak. Die intellektueel se rol is nie net om op te voed nie, want Foucault sê die Mei 1968-revolusie het hom gewys dat die massas hom nie meer nodig het as 'n bron by wie hulle kennis kan

versamel nie (1984:207). Dit is ook nie sy rol om 'n ware bewussyn daar te stel nie - waarheid word deur die maghebbers daargestel (1984:208). Dit is eerder die intellektueel se rol om mag te ondergrawe in 'n aktiwiteit wat baklei parallel aan ander bakleiers teen mag. Diane Macdonell (1986:99) parafraseer hierdie standpunt van Foucault soos volg: "From the side, alongside those who struggle for power, the intellectual can engage in struggle to reveal and undermine what is most invisible and insidious in prevailing practices".

So definieer Foucault die intellektueel dan as iemand wat haar kennis en vaardighede, en haar verhouding met die waarheid, toepas in 'n politieke stryd (Foucault 1984:70). Dit sluit aan by die metodologiese oortuiging van hierdie studie, dat akademiese werk soos hierdie betrokke is, moet wees, by 'n geloof dat die verhouding tussen literatuuronderrig en die studente daarvan kan en moet verbeter.

5.3 Subjek en strydperk

Bourdieu (1987:193) het verwys na literatuurteorie as 'n weg tot regenerasie van die hoër onderwys: "And only the techniques of the *Bildungsroman* could enable us to show how collective crisis and personal crisis provide each other with a mutual opportunity." Hy verwoord hier 'n behoefte aan insig in die transformasieproses van hoër onderwys. Daardie insig kan bereik word deur dit as narratief te beskou en te analiseer, soos wat literatuurteoretici kan doen. Een van die insigte in die transformasieproses wat ons in hierdie studie bereik het, is dat die persoonlike krisis en die kollektiewe krisis by mekaar aansluit. Daarom het hierdie studie gefokus op die maniere waarop die kollektiewe stryd in die persoonlike lewe neerslag vind.

Volgens Bertelsen beweer die kragte uit die korporatiewe wêreld wat druk op die universiteitstransformasie plaas, dat daar geen alternatief tot markkragte is nie, en dat daar net een pad is tot die "general good", naamlik "the pursuit of private profit" (Bertelsen, 2000:4).

Daarmee skep Bertelsen die indruk dat 'n studie soos hierdie, wat ten gunste van beroepsrelevansie in 'n kursus is, 'n *sell-out* is vir die mark se kapitalistiese dryfveer. Of daar meer as een pad na die "general good" is, gaan nie binne hierdie studie bespreek word nie. Bertelsen se kritiek herinner egter wel daaraan dat die individu haar nie kan losmaak van die breë ideologiese stryd nie.

Hierdie studie het van meet af aan die posisie ingeneem dat, op die vlak van die individuele subjek, ideologiese onafhanklikheid nie maklik kan bestaan sonder ekonomiese onafhanklikheid nie.

Soos Macdonell (1986:37) verduidelik: Ons bestaan as subjekte net binne ideologie, ons word deur ideologie verbind tot 'n verbeelde identiteit in 'n verbeelde verhouding tot die realiteit. Ideologie gee volgens Althusser wel aan jou die indruk dat jy as subjek 'n verantwoordelike sentrum van inisiatief is,

maar jy kan nie ideologiese standpunte uit jou eie ontwikkel nie, hulle is almal afkomstig uit die ideologiese apparate (1986:37). Macdonell se kritiek op hierdie siening is dat ons ons daarteen blind kan staar en vergeet dat ons weerstand kan bied. Ek kan weerstand bied teen Bertelsen se siening dat die arbeidsmark my siel gekoop het, en die akademici kan weerstand bied daarteen dat hulle passief blootlê om gekolonialiseer te word deur die multinasionale korporasie of die staat. Hierdie weerstand, volgens Macdonell, gebeur deur middel van disidentifikasie.

In disidentifikasie maak die subjek gebruik van 'n ander bron as die ideologiese apparaat om haar identiteit te vorm, 'n antagonistiese bron. Hoewel die subjek nie heeltemal vry kan kom van die vormende werking van die dominante ideologie nie, kan dit verplaas word. Hierdie studie hoop om deur disidentifikasie met die subjekrol wat uit die drie ideologiese apparate daarop probeer afdruk is, 'n strydperk vir diskoerse te wees (Macdonell 1986:112).

Met disidentifikasie word verhoed dat subjekvorming stagnant of "readily unified" word (Macdonell 1986:128). Dit lyk asof al die kontradiksies van strydende diskoerse van strydende ideologiese apparate chaoties vibreer in die subjek. Maar disidentifikasie probeer werk met die onversoenbaarhede waarmee 'n subjek gebombardeer word in die oorgang van die een ideologiese apparaat na die ander. Dit is om gespletenheid in die subjek doelbewus aan te kweek as 'n vorm van ideologiese wakkerheid. Disidentifikasie probeer om daardie stryde om subjekvorming in die skeure en klowe wat die subjek betree, te transformeer, en nie te herhaal nie, en ook nie te versoen nie. Die resultaat is nie dat daar triomfantelik onafhanklike denke bereik word, soos waarna Bertelsen reik nie, en ook nie dat daar die teenoorgestelde gedink word van wat mens geleer is om te dink nie. Die resultaat is, volgens Macdonell (1986:138) om posisies te kan opneem teenoor, in opposisie tot, die heersende.

Die risiko is dat die subjek "onsin" praat, soos met *écriture féminine*, of die wiel herontdek, maar nooit sluiting bereik nie: "In our times disidentification is possible as the continuing uncompleted outcome, in the forming of consciousness, of a dual process" (Macdonell, 1986:129). Dit is soos Spivak (1993:53) se ongemaklike dekonstruktiewe posisie vir 'n radikale dosent: een been in die universiteit, een in die arbeidsmark en die politiek.

5.4 Voorstelle

In hierdie afdeling lys ek die bevindings en bydraes van die studie. Eerstens noem ek metodes en modelle wat ek ontwikkel het om bevindings te bereik as metodologiese voorstelle. Daarna lys ek die voorstelle vir transformasie in literatuuronderrigstruktuur. Die spesifieke doelstellings en stappe om dit te bereik, is te vinde in die bygaande program. Die program maak dus ook eintlik 'n voorstel vir 'n kurrikuleringsproses uit.

5.4.1 Metodologiese voorstelle

Hier lys ek net nuwe metodologiese voorstelle wat in die studie ontwikkel is, en nie die teksspesifieke bevindings wat daarmee bereik is nie, want die bevindings was boustene en is opgeneem in die argumentlyne as geheel en in die voorstelle.

5.4.1.1 Ekonomiese bemagtigingspatrone

In afdeling 2 is diskursiewe patrone gevind waarmee die moontlikheid van ekonomiese bemagtiging in literatuur(onderrig)diskoers geanaliseer is.

Die diskursiewe patrone kan geformuleer word as 'n onderskeid tussen maniere waarop literatuurdosente met die arbeidsmark skakel:

- As literatuurdosente met hulle wetenskaplike vaardighede, binne die diskoers van hulle eie vak, die arbeidsmark as 'n veld beskou, is hulle subjekvorming minder rigied, en is hulle meer bewus van die nodigheid van 'n student se beroepsvoorbereiding.
- As literatuurdosente die arbeidsmark vanuit hulle posisie as wyse mense benader, bevestig hulle 'n byna onoorkombare kloof tussen hulle eie akademiese subjekvorming, en die subjekte van die arbeidsmark. Die kloof vind dan neerslag in die student as 'n gefragmenteerde subjek wat vreemd voel in die arbeidsmark, en in die akademie.

5.4.1.2 Opposisionele onderrigmetode

In afdeling 3 het ek 'n vierkant gevind as onderrigmetode vir opposisionele literatuuronderrig in postkoloniale Suid-Afrika.

Opposisionele onderrigvierkant:

VLAK 1: Opposisionele verhouding in die stelsel	
1. Min uitdaging: Tese Wit oorheerser se diskursiewe terme (*négritude*)	**2.** Antitese Aanvullend tot 1. (*Black Consciousness Movement*)
VLAK 2: Interpreteer vlak 1. Marginales en onderhoriges van vlak 1 is op vlak 2	
4. Begin nuwe diskoers. Verlaat vierkant vir 'n nuwe belangeruimte. Potensiaal om vierkant se hiërargie/opposisie te deurbreek (Moeilike verskil)	**3.** Marginales kry 'n stem. Dui op spanning tussen 1 en 2. Vierkant se inherente hiërargiese waardes blyk. (Postkoloniale sintese)

Die vierkant as leesmetode ontwikkel dialoog en kritiese selfrefleksie tussen hiërargiese posisies in die literatuurklas as 'n stelsel (studiegids-dosent-studente). In die opposisionele onderwys is dialoog 'n merker van bemagtiging. Dialoog tussen en oor kulturele identiteite kan ongemaklik wees, en ook dit is 'n merker dat daar ruimte is vir diversiteit sonder dat dit afgeplat word in skynheilige pluralisme. Die vierkant is daarom 'n nuttige model om opposisionele momente binne 'n diskoers mee te analiseer.

Ek het Richard Con Davis se opposisionele vierkant gekombineer met die drie dialektiese fases van postkoloniale subjekvorming: Eers word Afrika-identiteit verwoord in die terme van die wit kolonialis (*négritude*). In die tweede antitetiese fase is "black beautiful", soos vir die Black Consciousness Movement. Die derde fase bereik sintese deurdat die postkolonialis soos Njabulo Ndebele sy eie terme en temas vind. Die vierde fase verlaat die sintetiese rusposisie vir worsteling met moeilike verskil en kreatief-opponerende interaksie tussen kulture.

Die vierde fase staan teenoor die magsopposisies waarop die vierkant se verhoudings gebaseer is. Dit lui die potensiële vernietiging van die opposisies in - die begin van 'n nuwe diskoers, die moontlike verskuiwing van die ideologie van die vierkant na 'n ander belangeruimte. Dit erken dat daar diversiteite en verskille is waarvoor ons nog nie in die stelsel ruimte het nie, en is bereid om daarmee in dialoog te tree, en so die stelsel se beperking te deurbreek.

Dat die dialoog die private ruimte in die klas ter tafel kon lê tydens die Vista-lesings, dui daarop dat kritiese refleksie oor subjekvorming plaasgevind het – dat dit 'n suksevolle poging in opposisionele onderwys was. So 'n onderrigmetode waarin 'n kultuur bereid is om die naakte waarheid oor sy eie onsekerhede te praat, maak dialoog oor moeilike verskil moontlik.

5.4.1.3 Postkoloniale doel-en-middel-analise

Deur tegnies-rasionalistiese diskoers te kombineer met hoe die konsepte middel en doel gebruik word, kan geanaliseer word of 'n ideologiese standpunt verplat tot essensialisme.

In afdeling 2 het ons gesien dat ideologiese standpunte soms die doel en die middel van hulle bevrydingstrategieë afplat tot dieselfde ding, dat die middel vir die doel begin staan. Soms gebeur dit omdat daar onsekerheid is oor hoe die bevryde toekoms gaan lyk, soms word ander motiewe in die onsekerheid versteek.

Die metode berus daarop om te kyk of 'n vaagheid of diskontinuïteit in diskoers die logiese of reële rolle van 'n doel en 'n middel verwar. Motiverings vir middele word gesoek en daar word gekyk of doele nie verduidelik of verdedig word. Soms word 'n doel nie verduidelik nie, maar geregverdig as dat 'n oppergesag (byvoorbeeld 'n natuurwet of 'n hoogste heerser) so besluit het.

Sulke ondeurdagte verhoudings tussen doel en middel kan 'n standpunt afplat tot 'n –isme. As 'n diskontinuïteit in 'n teks, hou 'n ondeurdagte verhouding tussen doel en middel vrugbare analisemoontlikhede in.

5.4.2 Voorstelle vir transformasie in literatuuronderrig

Strukturele behoeftes in die literatuuronderrigstelsel om die doelstellings wat met die program gegenereer word, moontlik te maak, word vervolgens opgesom. Ek lys nie hier die spesifieke doelstellings nie, dit is te vinde in 3.2.8 en 9 en in die program.

- Dialoog met studente op 'n gelyke vlak is nodig om studente as (veral ekonomiese) subjekte te bemagtig uit die huidige rolverdeling in die akademiese kerngesin en sy kloof tussen brood en boeke.
- Dialoog in die postapartheid-letterkundeklas moenie huiwer om met moeilik kulturele verskille te worstel nie, en moet juis waak teen aangename politiese korrektheid en nasionalisme.
- Eksplisiete verbande moet getrek word tussen leerervarings en beroepsvaardighede.
- Beroepsgerigte vaardighede wat in literatuuronderrig aangekweek word, kan ekspliseer word in die volgende groepe (maar verdere doelspesifisering is nodig – interaktiewe lyste daarvan is beskikbaar in die meegaande sagteware): kommunikasievaardighede, sosiale vaardighede, die vermoë om inligting te bestuur, en kulturele vaardigheid.
- Studente moet ook toegerus word met werksoekvaardighede en met affektiewe vaardighede om 'n professionele beeld te presenteer.

- Blootstelling aan die wêreld van werk is nodig binne die kursus. Daarvoor, en om self kennis van die wêreld van werk in te win, moet dosente kontak hou met alumni op gestruktureerde wyse, byvoorbeeld met behulp van 'n databasis. Geleenthede vir vakansiewerk en gemeenskapswerk kan gekoördineer word in 'n werksagentskap op kampus (*wetenschapwinkels*), en kan deur studente beman word. Omgekeerd moet beroepsmense (alumni) ook in die universiteit ingenooi word as rolmodelle vir studente en om invoer vir kurrikulering op makrovlak te kry.
- Afstemming tussen beroep en kursus is moontlik in 'n transdissiplinêre programbenadering met beroepsgerigte studiepaaie.
- In terme van passing tussen literatuur en beroep, is daar minder styfpassende beroepsgeleenthede as lospassendes. Afstemming vereis daarom nie noodwendig drastiese verandering van die vakinhoud nie, maar wel van die onderrigmetode (byvoorbeeld met uitkomsgebaseerde onderwys), want dit is die proses van leer is wat die student bybly, en wel in die vorm van vaardighede. . Tog moet leerinhoude spesifieke toepassings op die buitewêreld en die beroepswêreld vind – binne die kursusinhoud reeds.
- Differensiasie is nodig om verskillende beroepsbehoeftes met massafikasiebehoeftes te versoen.
- Groepwerk as onderrigmetode gee vir studente oefening in diskursiewe, sosiale, kulturele en inligtingsbestuursvaardighede. Dit help studente ook om hulle eie posisionaliteite te temper en oop te wees vir die onreduseerbare verskil tussen die self en die ander.
- Studente kan mekaar se skryfwerk lees en bespreek in groepwerk. Dit dekonstrueer die magsrol van die dosent en oefen een van die literatuurstudent se "unique selling points": lees- en skryfvaardighede in verskillende diskoerse.
- Die literatuurwetenskaplike lees- en skryfvaardighede is verder bemagtigend omdat dit selfkritiese en stelseldekonstruktiewe potensiaal het, en dit ontwikkel probleemoplossingspiere. Lees en skryf help ook om brûe te bou oor klowe waarop magstrukture berus. Studente moet daarom verskillende diskoerse en style leer om 'n heersende diskoers te beheers, en om ander diskoerse raak te sien en te gebruik. Studente moet ook vernuwende skryfmaniere probeer om 'n eie stem te ontwikkel. So leer hulle om te skryf in die private sowel as die openbare sfere, om die intieme sowel as die algemene te sê.
- 'n Onderwysevaluasiekomitee kan deur die studenteraad saamgestel word om op sistematiese en deurlopende wyse studenteterugvoer oor elke kursus in te win en aan die dosente beskikbaar te stel. Dosente kan daarop gereageer, óf met 'n boodskap óf deur die kurrikulum aan te pas. Die resultaat kan op die internet beskikbaar wees. Dit is nuttig vir vakvoorligting en die vakkeuseproses vergemaklik. Dit bied uitstekende oefening in groepwerk en ander vaardighede, en is 'n blootstelling aan 'n beroepskonteks.
- Studente-invoer oor kurrikulering kan gewerf word in die eerste lesuur of wat. Die dosent lê dan nie die kurrikulum aan studente voor nie, maar onderhandel dit met studente. Ter voorbereiding vir so 'n gesprek kan inligting oor studente se doelstellings en wegspringpunte vooraf reeds ingewin word. Studente se invoer kan per epos of rekenaarwerkgroepe soos 'n bulletinbord versamel word, of in

gesprek kan inligting oor studente se doelstellings en wegspringpunte vooraf reeds ingewin word. Studente se invoer kan per epos of rekenaarwerkgroepe soos 'n bulletinbord versamel word, of in mentorgroepies met die hulp van senior studente. Die mentorgroepies en rekenaarinvoere sal nie kontakure opvreet nie en sal kontak tussen studente en tussen studente en onderrighulpmiddels bewerkstellig, en so kommunikasievaardighede ontwikkel.

- Literatuuronderrig in 'n programbenadering eis baie werk van dosente en hulle het onderwyshulp (soos 'n buro vir universiteitsonderrig) nodig wat sonder magshefbome of dwang ondersteun. Bykomende administratiewe hulp is ook nodig, en studente kan in party van die take assistentskappe volstaan. Siklusse van hersieningsprosesse moet gedurig deur die hele makrokurrikuleringsproses syfer om dit te moniteer en evalueer.

Die voorstelle kan deurgevoer word as die akademiese subjekte bereid is om dekonstruktiewe posisies in te neem. Vanuit die voorgestelde subjeknisse van die radikale dosent en die bemagtigde student kan die arbeidsmarkdiskoers deurbreek tot die akademiese diskoers om die student as toekomstige werker uit te druk. Die arbeidsmark moet nie gereduseer word tot een of twee beroepe waarvan die een 'n verlengstuk van die dosentsubjek is in die vorm van onderwyser nie.

5.5 Vorentoe

Hierdie voorstelle kan aangevul word met moontlike opvolgwerk om metodes te ontwikkel waarmee Suid-Afrikaanse studente hulle eie doelstellings vir literatuuronderrig kan formuleer.

Hierdie studie vra dat die diskoerskontrak tussen dosent en student hernu word. Die radikale dosent kan dit doen deur magsverhoudings te ekspliseer in die klas, deur selfkrities bewus te wees van haar eie posisionaliteit as 'n diener en bediener van die stelsel, en deur te waak teen die skynheilige rol van die kampvegter vir polities korrekte pluralisme.

So kan die radikale dosent studente ook leer om die moontlikheid van nuwe politieke van waarheid in te dink. Sy kan weier om die subjekrol wat uit die drie ideologiese apparate op die literatuurdosent en -student afgedruk word, te aanvaar.

Sy kan haar eie subjektiwiteit oopstel en opstel vir stryd.

Die regering verwag van hoër onderwys om nasionale kohesie rondom burgerskap te vorm, en tog om as wêreldburgers goed te wees vir Suid-Afrika (NCHE 1996:32). Globalisering speel 'n rol in die verhouding tussen hoër onderwys en die regering. Regerings en globale reuse wil graag literatuuronderrig, die besigheid van selfstories, kaap of koöpteer vir *asujetissement*.

Dissent van globale kultuurekonomie en die regering se mening daaroor is lewensnoodsaaklik vir die hele ekologie, nie net vir een van die ISA's (die oorlewing van die universiteit) nie. Dissent kweek diversiteit en dit is ekologies noodsaaklik: biodiversiteit is die spice of life.
Postkoloniale bevrydingsonderrig kweek dissent teen globale subjekvormingsprosesse wat maak dat Amerikaners 'n grootskaalse oorgewigkrisis beleef terwyl Suider-Afrika honger ly. Ons moet moeilik wees, woedend worstel teen die makmaak in.

With art, like morality
You have to draw the line somewhere.
(Uit 'n wonderlike boek van Hein, 2002)